basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V1

## 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n 14 bladsy-addendum.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLE-STUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAS DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) VANAF 1947 SUKSESVOL MET DIE VOORKOMING VAN DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME NA GRIEKELAND?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, het Brittanje besluit om sy finansiële ondersteuning en hulp aan Griekeland en Turkye te onttrek? (1 x 1) (1)

1.1.2 Noem die Britse eerste minister wat besluit het om hulp aan Griekeland en Turkye te onttrek. (1 x 1) (1)

1.1.3 Identifiseer TWEE amptenare wat verseker het dat die Verenigde State van Amerika bystand aan Griekeland en Turkye verleen het. (2 x 1) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op waarom die Adjunk-minister van Buitelandse Sake van die Verenigde State van Amerika besluit het om die verslag wat aan George Marshall oorhandig is, te redigeer. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE maniere waarop die Verenigde State van Amerika Griekeland ondersteun het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Waarom het President Truman verklaar dat streng toesig gehou moes word oor Amerikaanse fondse wat aan Griekeland gegee is? (2 x 2) (4)

1.2.3 Definieer die begrip *demokrasie* in die konteks van die Koue Oorlog in Europa. (1 x 2) (2)

1.2.4 Watter persentasie van die verkose lede van die Griekse parlement was demokrate? (1 x 1) (1)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Identifiseer TWEE aanduidings in die bron dat die VSA reaksionêres en fasciste ondersteun het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Noem DRIE ontwikkelings wat in Griekeland en Turkye plaasgevind het as gevolg van Amerika se invloedsfeer. (3 x 1) (3)

1.3.3 Verduidelik wat jy dink geïmpliseer word deur die stelling dat 'die Marshall-plan eenvoudig 'n slinkse (slim) manier was om die hele Europa aan Amerikaanse kapitaal (geld) te onderwerp'. (2 x 2) (4)

1.3.4 Lewer kommentaar op of jy die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer die stuitingsbeleid (inperkingsbeleid) van die VSA nagevors sou word. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die spotprent om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.4.2 Waarom, dink jy, is die mense deur die VSA as 'kommunistiese opstandelinge' beskou? (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik die inligting in beide Bron 1C en 1D en verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1C oor die VSA se verskaffing van hulp aan Griekeland in 1947 ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe suksesvol die Verenigde State van Amerika (VSA) vanaf 1947 was met die voorkoming van die verspreiding van kommunisme na Griekeland. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET VERSKILLENDE GESKIEDKUNDIGES DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BESKOU?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die Slag van Cuito Cuanavale as kontroversieel beskou? (1 x 2) (2)

2.1.2 Identifiseer TWEE redes in die bron, waarom die Suid-Afrikaanse grondmagte besluit het om voor die verowering van Cuito Cuanavale te onttrek. (2 x 1) (2)

2.1.3 Waarom, dink jy, het sommige mense geglo dat die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het? Gebruik bewyse in die bron om jou antwoord te ondersteun. (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op wat die skrywer bedoel het met die frase, 'Die SAW … het dalk baie gevegte gewen, hoewel nie die oorlog nie'. (2 x 2) (4)

2.1.5 Verduidelik waarom 'n leerder wat die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale navors, die inligting in die bron bruikbaar sou vind. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Kies TWEE bewyse in die bron wat aandui dat die Slag van Cuito Cuanavale 'n positiewe invloed op die Namibiese vryheids-beweging gehad het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Wat, volgens die bron, was die gevolg van vredesonderhandelings in Angola vir:

(a) Kuba (1 x 1) (1)

(b) Die African National Congress (ANC) (1 x 1) (1)

2.2.3 Verduidelik hoe Ronnie Kasrils op die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale gereageer het. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die mening ondersteun wat in Bron 2A oor die Slag van Cuito Cuanavale gegee is. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2C.

2.4.1 Wat, volgens die bron, was 'die mite' met betrekking tot die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale? (1 x 2) (2)

2.4.2 Definieer die begrip *propaganda* in die konteks van die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.4.3 Identifiseer enige TWEE frases in die bron wat toon dat die skrywer nie geglo het dat die Kubane die Slag van Cuito Cuanavale gewen het nie. (2 x 1) (2)

2.4.4 Verduidelik waarom die skrywer daarop aanspraak gemaak het dat Suid-Afrika die Slag van Cuito Cuanavale gewen het. Gebruik bewyse in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Watter boodskap oor die Slag van Cuito Cuanavale word deur die foto oorgedra? (1 x 2) (2)

2.5.2 Verduidelik of die SAW as 'WENNERS' van die Slag van Cuito Cuanavale beskou kan word. Gebruik inligting in die bron asook jou eie kennis om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe verskillende geskiedkundiges die Slag van Cuito Cuanavale beskou het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE IN 1957 GEDURENDE DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL ERVAAR?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Waarom, volgens die bron, het Goewerneur Faubus gevra dat troepe in 1957 na Central High School ontplooi moes word? (1 x 2) (2)

3.1.2 Verduidelik wat Goewerneur Faubus geïmpliseer het met die volgende stelling: ' "bloed sal in die strate vloei" as Neger-leerders in Central High School geïntegreer word.' (2 x 2) (4)

3.1.3 Definieer die begrip *integrasie* in die konteks van die gebeure/ verwikkelings by Central High School in 1957. (1 x 2) (2)

3.1.4 Hoe, volgens die bron, het swart Amerikaanse ouers gereageer op die gebeure wat op 3 September 1957 by Central High School ontvou het? (2 x 1) (2)

3.1.5 Verduidelik waarom jy dink die nege swart Amerikaanse leerders nie op 3 September 1957 Central High School bygewoon het nie. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Gebruik die inligting in die bron en sê hoe die Little Rock Nege Central High School binnegegaan het. (1 x 1) (1)

3.2.2 Beskryf hoe die skare gereageer het op die swart Amerikaanse verslaggewers wat buite Central High School bymekaargekom het. (2 x 1) (2)

3.2.3 Verduidelik waarom Burgemeester Woodrow Mann genoodsaak was om hulp by die Federale Regering te versoek om die krisis by Central High School op te los. (2 x 2) (4)

3.2.4 Watter bewyse in die bron gee te kenne dat die Verenigde State van Amerika se weermag in September 1957 'n belangrike rol by Central High School gespeel het? (1 x 2) (2)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskappe, dink jy, word deur hierdie foto oorgedra? (2 x 2) (4)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom swaar gewapende federale troepe op 25 September 1957 na Central High School ontplooi is. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B ondersteun met betrekking tot die ontplooiing van federale troepe na Central High School in 1957. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Gee EEN rede waarom mev. Huckaby die meisieleerders voor die matrikulasieplegtigheid na haar kantoor laat kom het. (1 x 1) (1)

3.5.2 Haal TWEE bewyse in die bron aan wat te kenne gee dat Jane Emery 'n antisegregasionis was. (2 x 1) (2)

3.5.3 Lewer kommentaar op waarom jy die inligting in hierdie bron as 'n betroubare bewys sou beskou wanneer jy die ervarings van die Little Rock Nege by Central High School navors. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter uitdagings die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 ervaar het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Dit was grootliks die militêre taktiek wat die Verenigde State van Amerika (VSA) se weermag teen die Viëtkong gebruik het wat bygedra het tot sy onvermoë om in die vroeë 1970's die oorlog in Viëtnam te wen.

Stem jy met hierdie bewering saam? Gebruik relevante geskiedkundige bewyse van die oorlog in Viëtnam om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Bespreek krities die politieke en ekonomiese beleid wat in die Kongo ingestel is (deur Mobutu Sese Seko) in vergelyking met dit wat tussen die 1960's en die 1980's in Tanzanië (deur Julius Nyerere) ingestel is.

Gebruik relevante voorbeelde uit post-koloniale Kongo en Tanzanië om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Een van die fundamentele beginsels van die Swartmagbeweging was om selfstandig te wees en dinge vir hulleself te doen.

Verduidelik tot watter mate die beginsel van selfstandigheid suksesvol in die 1960's deur Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther-party in die Verenigde State van Amerika geïmplementeer is.

Gebruik relevante geskiedkundige bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V1**

**2016**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 1: WAS DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) VANAF 1947 SUKSESVOL MET DIE VOORKOMING VAN DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME NA GRIEKELAND?

### BRON 1A

Hierdie bron deur Denise M Bostdorff gee 'n oorsig van waarom die Verenigde State van Amerika besluit het om in 1947 Griekeland en Turkye met ekonomiese en militêre bystand te help.

'n Bitter winter in 1947 het die Britse ekonomie geknou en in Februarie het Eerste Minister Clement Attlee en sy regering besluit dat hulle nie meer die Griekse regering kon ondersteun of kon voortgaan om hulp aan hulle buurland, Turkye, te stuur nie. Die Britse Ambassade het op Vrydag 21 Februarie die Minister van Buitelandse Sake, George Marshall, se kantoor gekontak met diplomatieke notas waarin verduidelik is dat Britse hulp op 31 Maart gestaak sou word. Omdat Marshall alreeds die stad verlaat het ten einde 'n afspraak om 'n toespraak te lewer na te kom, is afskrifte van die notas by Loy Henderson, die Direkteur van Afrika-sake, gelos; hierdie notas is later vir Marshall afgelewer. Henderson en sy kollega, Jack Hickerson, die Direkteur van Europese Sake, het daarna afskrifte van die notas na Dean Acheson, die Adjunk-minister van Buitelandse sake [vir die VSA] geneem …

Die Britse versoek dat die Amerikaners verantwoordelikheid vir Griekeland aanvaar, het 'n uiters simpatieke gehoor in Henderson gevind, wat al lankal ten gunste van 'n ontoegeeflike houding teenoor die Sowjette was, en ook in Acheson, wat 'n noue verwantskap met Henderson gehad het en deur sy argumente oorreed is. Inteendeel, die dag voor die nuus oor die Britse onttrekking, het Henderson 'n verslag aan Acheson voorgelê wat bystand aan Griekeland aangemoedig het.

Acheson het die dokument geredigeer om 'n groter indruk van dringendheid te laat. Acheson het byvoorbeeld die titel van 'Krisistoestand in Griekeland' na 'Krisis en Dreigende Moontlikheid van Ondergang in Griekeland' verander. Alhoewel Marshall saamgestem het dat Griekeland hulp moes kry, was hy minder dramaties as Acheson wat Griekeland uitgebeeld het as 'n ernstige krisis wat dringend vinnige reaksie vereis het. Toe Acheson daardie naweek vir Truman gebel het, was die President alreeds bereid om aansienlike bystand aan Griekeland en Turkye te bied.

[Uit http://archive.vod.umd.edu/internat/truman1947int.htm. Toegang op 22 Oktober 2015 verkry.]

**BRON 1B**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit President Harry S Truman se toespraak op 12 Maart 1947 voor 'n gesamentlike sitting van die Amerikaanse Kongres. Sy toespraak, wat as 'Die Truman-leer' bekend geword het, was gedurende die Koue Oorlog die dryfkrag van die Verenigde State van Amerika se buitelandse beleid.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Griekse regering ons hulp gevra het met die doeltreffende benutting van finansiële en ander hulp wat ons aan Griekeland kan verleen, en om hulle openbare administrasie te verbeter. Dit is uiters belangrik dat ons die gebruik van enige fondse wat aan Griekeland beskikbaar gestel word op so 'n wyse sal kontroleer dat elke dollar wat spandeer word, sal bydra om Griekeland selfonderhoudend te maak en sal help om 'n ekonomie te bou waarin 'n gesonde demokrasie kan floreer.

Geen regering is perfek nie. Een van die hoofdeugde (-kenmerke) van 'n demokrasie is egter dat die gebreke altyd sigbaar is en met demokratiese prosesse kan dit uitgewys en reggestel word. Die regering van Griekeland was nie perfek nie. In die verkiesing wat verlede jaar gehou is, was vyf en tagtig persent (85%) van die lede van die verteenwoordigers wat tot die Griekse Parlement verkies is, demokrate. Buitelandse waarnemers, waaronder 692 Amerikaners, het hierdie verkiesing as 'n regverdige uitdrukking van die sienswyse van die Grieke beskou.

Alhoewel demokrasie geseëvier het, sal die Verenigde State van Amerika nie alles oorsien (duld) wat die Griekse regering gedoen het of gaan doen nie. 'Ons het in die verlede ekstremistiese (radikale) maatreëls deur regs- of linksgesindes veroordeel en ons veroordeel dit ook nou. Ons het in die verlede verdraagsaamheid aanbeveel, en ons beveel ook nou verdraagsaamheid aan …'

[Uit http://www.learner.org/workshops/primarysources/coldwar/docs/truman.html. Toegang verkry op 2 Oktober 2015.]

**BRON 1C**

Hierdie uittreksel is uit 'n artikel geneem wat in 1947 in die *Pionerskaya Pravda* verskyn het. Dit beklemtoon hoe die Sowjette die Verenigde State van Amerika se bystand aan Griekeland en Turkye beskou het.

President Truman het die volgende beginsels van Amerikaanse buitelandse beleid aangekondig: Die Verenigde State sal oral reaksionêres en fasciste, wat haatdraend teenoor hulle eie mense is, maar wat aan die ander kant gereed is om hulle land onder Amerikaanse beheer te plaas, met wapens en geld ondersteun.


Twee lande wat hiervoor geskik is, is onmiddellik gevind, Griekeland en Turkye. In werklikheid het albei nou onder Amerikaanse heerskappy gekom. Amerikaners bou hulle militêre basisse daar, Amerikaanse kapitaliste maak besighede oop en koop alles wat lyk asof dit winsgewend is. Hiervoor ontvang die Griekse en Turkse reaksionêres wat in beheer is geld en wapens van die Amerikaners vir die stryd teen hulle eie mense.

Maar Griekeland en Turkye is te klein en Amerikaanse aptyte is groot. Amerikaanse ekspansioniste (diegene ten gunste van Amerikaanse uitbreiding of oorheersing) droom van die hele Europa, of ten minste van Wes-Europa. Om direk voor te stel dat Europese lande, soos Griekeland en Turkye, Amerikaanse kolonies word, is 'n bietjie ongemaklik. En dus is die Marshall-plan in Amerika ontwikkel. Daar is aangekondig dat die Verenigde State Europese lande wie se ekonomieë deur die oorlog vernietig is, wou help om dit te herstel. Baie het dit geglo. Maar dit was gou duidelik dat die Marshall-plan eenvoudig 'n slinkse (slim) manier was om die hele Europa aan Amerikaanse kapitaal (geld) te onderwerp.

[Uit *Russia: A Modern History* deur D Warnes]

**BRON 1D**

Hierdie bron is 'n Russiese spotprent. Dit toon 'Uncle Sam' (VSA) wat die Griekse regering ondersteun deur kommunistiese 'opstandelinge' (rebelle) uit te forseer. Die spotprenttekenaar is onbekend.



[Uit http://www.johndclare.net/cold-war8.htm. Toegang op 17 September 2015 verkry.]

**Uncle Sam (VSA) gebruik 'n geweer met 'n dollarteken (Amerikaanse geld) daarop.**

**Griekse kommunistiese opstandelinge**

## VRAAG 2: HOE HET VERSKILLENDE GESKIEDKUNDIGES DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BESKOU?

### BRON 2A

Hierdie bron deur Gary Baines verduidelik die verskillende maniere waarop die Slag van Cuito Cuanavale onthou word.

Met die nadering van die 25ste herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale word die polemiek (geskil) oor wie hierdie beslissende (belangrike) geveg (slag) in die geskiedenis van suidelike Afrika gewen het, weer gevoer.

… Die Slag van Cuito Cuanavale het van September 1987 tot Julie 1988, in drie fases, geduur … Die SAW het 'n taktiese oorwinning by die Lombarivier behaal, waar die opmars van FAPLA (die militêre vleuel van die MPLA) in hul spore gestuit is. Maar die terugslag (verset) teen hulle daaropvolgende (latere) frontaanvalle op goed versterkte opstellings by Tumpo was 'n deurslaggewende terugslag in die SAW se poging om Cuito Cuanavale en die vliegveld te verower. Die dooiepunt is gebreek deur 'n Kubaanse mag wat die SAW uitoorlê het en na Namibië se suidelike grens opgeruk het. Die verlies van die Suid-Afrikaanse Lugmag se oorheersing het beteken dat die grondmagte moes terugval of voor die moontlikheid te staan sou kom dat swaar verliese gedurende 'n wanordelike stormloop suid gely sou word …

Verdedigers (Ondersteuners) van die SAW haal sonder uitsondering statistiek aan wat 'bewys' dat sy vyande by Cuito Cuanavale verreweg groter verliese ten opsigte van personeel en materiaal as hulle gely het. Dit was sonder twyfel die geval. Maar die uitkoms van 'n geveg kan nie aan sulke statistiek gemeet word nie …

Die SAW … het dalk baie gevegte gewen, hoewel nie die oorlog nie, want die regering in Pretoria (Suid-Afrika se administratiewe hoofstad) was genoodsaak om 'n SWAPO-regering, waarteen hy so lank geveg het om te voorkom, in Namibië te aanvaar. Alhoewel die SAW daarop aangedring het dat hulle nooit verslaan is nie, is die politieke stelsel van wit mag en bevoorregting, wat dit vir so lank verdedig het, afgebreek (ongedaan gemaak).

[Uit http://www.historytoday.com/gary-baines/replaying-cuito-cuanavale#comment -0.
Toegang op 20 Oktober 2015 verkry.]

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel deur Andreas Velthuizen is geneem uit 'n artikel wat in die *South African Journal of Military Studies* verskyn het. Dit lewer kommentaar op die langtermynbetekenis van die Slag van Cuito Cuanavale in suidelike Afrika.

Die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale het SWAPO (South West Africa People's Organisation), en ander wat vir onafhanklikheid gestry het, hernude selfvertroue gegee. Die militêre balans in suidelike Afrika is verander ten gunste van bevryding en die selfbeskikking van swart mense. Die ernstige ekonomiese beperkings op Suid-Afrika, tesame met sy militêre terugslag in Angola en die besef dat hy nie die oorlog kon wen nie, het die balans ten gunste van Namibiese onafhanklikheid verskuif. Die Kubaanse teenwoordigheid op die Namibiese grens in 1988 het beteken dat Suid-Afrika vir die eerste keer 'n militêre agterstand gehad het en dat die veel gevreesde bedreiging van 'n konvensionele oorlog in Namibië 'n moontlikheid kon word. Dit sou 'n deurslaggewende invloed op onderhandelinge vir vrede in Angola en onafhanklikheid vir Namibië hê. Terwyl daar tydens die onderhandelinge saamgestem is oor die onttrekking van Kubaanse troepe uit Angola en die hervestiging van ANC militêre kampe in Uganda, was dit geen terugslag in vergelyking met die enorme omvang (skaal) van die strategiese oorwinning vir die vryheidsbewegings nie.

Volgens Ronnie Kasrils, ongeag aan watter kant van die gevegslinies die protagoniste (leierfigure) gedien het, het die afsluiting van die skandelike tydperk van kolonialisme en apartheid in ons streek, wat so verweef (onderling verbind) met die deurbraak by Cuito Cuanavale is, almal bevry en die weg gebaan vir progressiewe vooruitgang tot almal se voordeel. Baie van daardie generaals en politici wat steeds hardnekkig daarop aanspraak maak dat die SAW by Cuito Cuanavale geseëvier het, geniet eintlik voordelige besigheidsgeleenthede met hulle voormalige Angolese vyande.

[Uit Scientia Militaria, *South African Journal of Military Studies*, Vol. 37, Nr. 2, 2009]

**BRON 2C**

Hierdie uittreksel is geneem uit 'n artikel getiteld 'The Battle of Cuito Cuanavale – Cuba's Mythical Victory' wat deur Richard Allport geskryf is. Dit voer aan dat die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en hulle bondgenote minder verliese gedurende die Slag van Cuito Cuanavale gely het en daarom as oorwinnaars beskou moet te word.

**DIE MITE (NIE WAAR NIE)**

Die Angolese Minister van Verdediging en ander amptelike Angolese en Kubaanse bronne het in 1988 daarop aanspraak gemaak dat 'n Suid-Afrikaanse aanval wat uit tot 9 000 troepe met 500 tenks, 600 artillerieveldgewere en talle vliegtuie bestaan het, die dorp Cuito Cuanavale in Angola aangeval het. Volgens hulle weergawe het die aanval misluk te danke aan 'n dapper verdedigingspoging deur Kubaanse en Angolese troepe, en die Suid-Afrikaners het 50 vliegtuie, 47 tenks en honderde manne verloor.

**DIE REALITEIT (DIE WAARHEID)**

Die Kubaanse propaganda-weergawe van hierdie 'heldhaftige geveg' is deur baie mense in die Weste geglo en die ware feite het eers na die beëindiging van die oorlog aan die lig gekom. Toe die Kubane en Angolese teen die einde van 1987 hulle sogenaamde groot oorwinning behaal het, was hulle alreeds besig met vredesonderhandelinge in Angola, met hulle Sowjetondersteuners wat openlik gesê het dat die oorlog daar nie gewen kon word nie … Die Suid-Afrikaners was die ware oorwinnaars in die Cuito-veldtog …


Die uitslag van die veldtog tot en met April 1988 was dat 4 785 aan die Kubaanse/Fapla-kant gesterf het, met 94 tenks en honderde oorlogsvoertuie wat vernietig is, teenoor 31 Suid-Afrikaners wat gesneuwel het, 3 tenks wat vernietig is (SAW-tenks is na die Lombarivier-veldtog in die oorlog begin gebruik) en 11 SAW-pantserkarre en troepvoertuie wat verloor is. 'n Totaal van 9 Migs (vliegtuie) is vernietig en slegs 1 Mirage (vliegtuig) van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SAL) is afgeskiet.

Die Kubane het na 13 jaar in Angola steeds nie hulle doelwit om UNITA te vernietig en as 'bevryders' in Namibië in te marsjeer, bereik nie. Hulle het die Suid-Afrikaners sleg onderskat en tot hulle eie verlies uitgevind dat hulle teen hoogs opgeleide, oorlogsgeharde troepe te staan gekom het.

[Uit http://www.rhodesia.nl/cuito.htm. Toegang op 20 Oktober 2015 verkry.]

**BRON 2D**

Hierdie foto deur die Suid-Afrikaanse joernalis John Liebenberg, toon 'n Suid-Afrikaanse Weermag-konvooi wat op 30 Augustus 1988 uit Angola na Namibië onttrek. Die konvooi ry onderdeur 'n banier waarop 'WELCOME WINNERS/WELKOM WENNERS' staan.




[Uit http://www.historytoday.com/gary-baines/replaying-cuito-cuanavale#comment-0. Toegang op 20 Oktober 2015 verkry.]

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE IN 1957 GEDURENDE DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL ERVAAR?**

**BRON 3A**

Hierdie bron fokus op Daisy Bates se verduideliking van hoe Goewerneur Faubus in September 1957 probeer het om die integrasie van Central High School te keer. Daisy Bates was die president van die National Association for the Advancement of Coloured People (NAACP) en 'n mentor vir die Little Rock Nege.

Faubus se beweerde rede vir die uitroep van die troepe was dat hy inligting ontvang het dat karavane motorvoertuie vol wit heerssugtiges (rassiste) van oor die hele staat na Little Rock op pad was. Daarom het hy Central High School as verbode terrein vir Negers* (swart Amerikaners) verklaar. Om een of ander onverklaarbare (onverwagte) rede het hy bygevoeg dat Horace Mann, 'n Neger*-hoërskool, verbode terrein vir wittes sou wees.

Toe, uit die hoogste kantoor van die staat Arkansas, het Goewerneur Orval Eugene Faubus die berugte woorde, 'bloed sal in die strate vloei' indien Neger*-leerders in Central High School geïntegreer word, kwytgeraak.

Faubus het met sy halfdosyn onbedagsame woorde bygedra tot die massahisterie (paniek) wat die stad Little Rock vir 'n hele paar maande in sy greep gehad het.

Die burgers van Little Rock het op 3 September bymekaargekom om na die ongelooflike spektakel (toneel) te staar van 'n leë skoolgebou wat deur 250 troepe van die Nasionale Garde omring is. Teen ongeveer kwart oor agt (08:15) die oggend het leerders van Central High School begin om deur die ry troepe van die Nasionale Garde te loop, almal behalwe die nege swart Amerikaanse leerders.

Ek was die hele dag met hulle ouers in verbinding. Hulle was verward, en hulle was bang. Soos wat die ouers aan hulle vrese uiting gegee het, het hulle aangehou om Goewerneur Faubus se woorde te herhaal dat 'bloed in die strate van Little Rock sou vloei' indien hulle tienerkinders sou probeer om Central High, die skool waarheen hulle deur die skoolraad gestuur is, by te woon.

[Uit http//www.centralhigh57.org. Toegang op 6 September 2015 verkry.]

***Neger: 'n Neerhalende term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

**BRON 3B**

Hierdie bron is uit 'n les met die titel, 'Every Person Has a Story of Courage: The Little Rock Nine' geneem. Dit is vir Amerikaanse Geskiedenis-leerders van Graad 5 tot 12 beplan en het op kwessies in verband met die integrasie van Central High School gefokus.


Die volgende Maandag, 23 September, moes die Little Rock-polisie 'n weerbarstige skare, wat vinnig tot meer as 1 000 mense gegroei het, beheer terwyl die nege swart Amerikaanse leerders twee weke nadat die skool begin het die skool deur 'n sydeur binnegegaan het. Die skare se aandag is afgelei toe party van die betogers vier swart Amerikaanse verslaggewers buite die skool gejaag en geslaan het. Die polisie en skoolamptenare het teen middagete gevrees dat party mense in die skare sou probeer om die skool te bestorm en het die nege leerders vir hulle eie veiligheid verwyder. Little Rock se burgemeester, Woodrow Mann, het die Federale Regering om hulp genader en President Eisenhower het Uitvoerende Bevel 10730 uitgevaardig, wat eenhede van die Amerikaanse Weermag se 101 Lugtransport-divisie ingestuur het en die Arkansas Nasionale Garde gefederaliseer het.

Amerikaanse weermagtroepe het die 'Little Rock Nege', soos hulle bekend geword het, op 25 September 1957 in Central High School in begelei. Na weke van wanorde waarin hulle probeer het om op hoogte met hulle werk te bly sonder om skool by te woon, het die leerders onder soldatebewaking na hulle klasse gegaan. Goewerneur Faubus het op televisie verskyn en gesê dat Little Rock 'nou 'n besette gebied' was. Die meeste van die afdwingingspligte is op 1 Oktober aan die troepe van die Arkansas Nasionale Garde oorgedra, terwyl die Amerikaanse weermagtroepe teen die einde van November heeltemal verwyder is. Op 25 Oktober, een maand nadat hulle onder begeleiding van federale troepe aangekom het, het die Little Rock Nege vir die eerste keer in burgerlike voertuie skool toe gery.

[Uit http://www.nps.gov.chs/learn/education. Toegang op 19 Februarie 2016 verkry.]

**BRON 3C**

Hierdie foto wys twee van die Little Rock Nege-leerders, Thelma Mothershed en Melba Pottilo, wat die skool op 25 September 1957 verlaat. Hulle is deur swaar gewapende federale troepe uit Central High School na 'n weermagmotor begelei.




Uit http://www.theguardian.com/world/gallery/2010/sep/07/little-rock-nine-desegregation-pictures. Toegang op 22 Desember 2015 verkry.]

**BRON 3D**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n onderhoud wat in 1999 met Jane Emery ('n wit Amerikaanse leerder en mederedakteur van *The Tiger,* Central High se skoolkoerant) gehou is. Sy fokus op hoe sy besluit het om Ernest Green te ondersteun terwyl hy in Mei 1958 by Central High School gematrikuleer het.

… Naby die einde-van-die-jaar-matrikulasie(-plegtigheid) het mev. Huckaby [die prinsipaal van die meisies by Central High School] vyf van ons na haar kantoor geroep … en sy het gesê … [tydens die matrikulasie(-plegtigheid)] sou een van ons vyf saam met Ernest Green moes loop. Ons kon besluit wat ons wou doen, en Ernest sou verstaan as ons ongemaklik sou voel …

Vyf van ons is ingebring … en ek was die middelste een, dus, van die vyf mense, sou ek die een wees, en aangesien hulle nie geweet het wie afwesig sou wees nie, sou hulle vyf van ons roep. En ek het nie geweet dat ek die een sou wees nie. En ek het gesê: 'Ek het nie 'n probleem nie, ek sal saam met hom loop,' en ek het regtig gedink dit is simpel. En ek het niks daarvan gedink nie.

[Toe] begin ons obsene (onbeskofte) telefoonoproepe by ons huis kry. My ma het regtig bang begin word. Ek bedoel dinge soos … 'Is jy 'n Neger*(swart Amerikaner)-bewonderaar, gaan jy saam met hom loop? Wil jy hê jou dogter moet met 'n Neger (swart Amerikaner) trou?' En dit het tot laat in die aand aangehou en my ma het die foon van die mikkie afgehaal, maar sy was absoluut tot die dood toe bang, jy weet asof die huis opgeblaas sou word … Ek was kwaad vir die [wit Amerikaners] wat dit gedoen het, hulle het my regtig kwaad gemaak. Dit het my egter net meer vasbeslote gemaak om saam met hom te loop. En ek het saam met hom geloop, dit was die eerste keer wat ek met hom gepraat het.'

[Uit https://www.facinghistory.org/sites/default/files/publications/Little_Rock.pdf.
Toegang op 4 Januarie 2016 verkry.]

***Neger: 'n Neerhalende term wat gebruik is om na swart Amerikaners te verwys**

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

http//www.centralhigh57.org

http://archive.vod.umd.edu/internat/truman1947int.htm

http://www.historytoday.com/gary-baines/replaying-cuito-cuanavale#comment -0

http://www.johndclare.net/cold-war8.htm

http://www.learner.org/workshops/primarysources/coldwar/docs/truman.html

http://www.rhodesia.nl/cuito.htm

http://www.theguardian.com/world/gallery/2010/sep/07/little-rock-nine-desegregation-pictures

https://www.facinghistory.org/sites/default/files/publications/Little_Rock.pdf]

http://www.nps.gov.chs/learn/education

Scientia Militaria, *South African Journal of Military Studies*, Vol. 37, Nr. 2, 2009

Warnes, D. 1984. *Russia: A Modern History* (Unwin Hynman Limited, London)

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V1**

**2016**

**MEMORANDUM**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30% (15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.

- Maak regmerkies (✓), wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

  ______________________________________•__________________________
  __________________________________________________•_____________
  ____________________________•____________________________________
  ✓✓✓✓✓

  Vlak 2
  Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WAS DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) VANAF 1947 SUKSESVOL MET DIE VOORKOMING VAN DIE VERSPREIDING VAN KOMMUNISME NA GRIEKELAND?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- In 1947 het 'n bitter winter die Britse ekonomie verwoes (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Clement Attlee (1 x 1) (1)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Loy Henderson
- Dean Acheson
- Jack Hickerson
- George Marshall (enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Analise van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Om dit te laat lyk soos 'n baie dringende saak
- Hy wou sy wens (om Griekeland by te staan) la
- at bewaarheid
- Hy wou hê dat George Marshall moes besef dat die situasie in Griekeland kritiek was
- 'n Ernstige krisis – dringend/ vinnige antwoord
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Finansiële ondersteuning
- Ondersteuning in die verbetering van sy openbare administrasie (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
- Truman wou hê dat die geld vir ekonomiese herstel in Griekeland gebruik moes word
- Om Griekeland selfonderhoudend te maak
- Die geld moet nie misbruik word vir 'n ander projek nie
- Om demokrasie/kapitalisme te beskerm
- Vir die doel van toerekenbaarheid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 1B – V1]*
- 'n Regeringstelsel gebaseer op die wil van die mense
- 'n Regering waar die mense verteenwoordig word deur verkose verteenwoordigers
- Die burgers van die land neem aktief deel in die besluite wat oor sake handel wat hulle en die gemeenskap oor die algemeen raak
- 'n Politieke sisteem in die Koue Oorlog wat hom met kapitalisme vereenselwig teenoor kommunisme

- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 85% (1 x 1) (1)

1.3
1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Het wapens aan hulle voorsien
- Het finansiële ondersteuning/geld aan hulle verleen (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Amerika het militêre basisse gebou
- Amerikaanse kapitaliste open baie besighede
- Amerikaners het besluit om enige iets te koop wat vir hulle winsgewend lyk (3 x 1) (3)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Dit was 'n Amerikaanse manier om markte uit te brei sonder om noodwendig gasheerlande met hulle ekonomiese probleem te help
- Dit was 'n subtiele manier om lande ekonomies afhanklik van Amerika te maak
- Die kommuniste verwys daarna as 'Dollar-imperialisme'/om polities ekonomiese swak lande te domineer
- Dit was 'n vorm van neokolonialisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van Bron 1C – V3]*
**Kandidate moet aandui of die bron BRUIKBAAR is of NIE BRUIKBAAR NIE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**.

**BRUIKBAAR**
- Dit was 'n uittreksel uit 'n artikel wat gepubliseer is in 'n Sowjetkoerant (*Pionerskaya Pravda*)
- Dit voorsien die Sowjet perspektief oor die VSA se stuitingsbeleid
- Die artikel is in 1947 gepubliseer tydens die hoogtepunt van die Koue Oorlog in Europa
- Dit verskaf inligting oor hoe die VSA van plan was om Griekeland en Turkye te ondersteun
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NIE BRUIKBAAR NIE**
- Dit kan beskou word as eensydige inligting uit 'n Sowjetperspektief
- Die inligting kon beskou word as Sowjetpropaganda teen Amerika se stuitingsbeleid
- Die inligting is krities oor die Amerikaanse buitelandse beleid
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Amerika ondersteun die Griekse regering met finansiële hulp (dollarteken op die geweer)
- Amerika ondersteun die Griekse regering met militêre hulp (die geweer)
- Amerika dryf die kommuniste uit Griekeland
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Die kommunistiese rebelle wou nie finansiële bystand van die VSA hê nie
- Die kommunistiese rebelle het geweier om demokrasie/kapitalisme te aanvaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1C en 1D – V3]*
- Bron 1C: Amerikaanse buitelandse beleid het bepaal dat hulle enige land met wapens en geld sal ondersteun en in Bron 1D: Amerika word gewys as dié een wat Griekeland met geld (dollarteken) en wapens (gewere) ondersteun
- Bron 1C: Amerika ondersteun die Griekse regering 'in hulle stryd teen hulle eie mense' en in Bron 1D: Die rebelle geklee in Griekse tradisionele drag dui aan dat hulle antidemokratiese magte is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse in relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- VSA was suksesvol omdat hulle die verantwoordelikheid geneem het om Griekeland en Turkye te ondersteun (Bron 1A)
- VSA kondig sy beleid oor die voorkoming van die verspreiding van kommunisme deur middel van militêre en finansiële ondersteuning aan (Bron 1B, 1C en 1D)
- Die Truman-leer is gebruik om die verspreiding van kommunisme te voorkom deur finansiële en militêre ondersteuning te verleen aan ekonomies verwoeste lande (Bron 1B, 1C en 1D)
- Marshall-plan het finansiële hulp verleen om die verspreiding van kommunisme te beperk (Bron 1C en 1D)
- Die VSA beïnvloed die prokapitalistiese Griekse regering (eie kennis)
- Die VSA beheer die toesig oor fondse aan die Griekse regering (Bron 1B)
- Rebelle word uitgedryf uit Griekeland met Amerikaanse hulp (Bron 1D)
- Griekeland het 'n demokratiese en kapitalistiese land geword (eie kennis) wat toon dat die VSA suksesvol was in die voorkoming van die verspreiding van kommunisme
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe suksesvol die Verenigde State van Amerika (VSA) was met die voorkoming van die verspreiding van kommunisme na Griekeland vanaf 1947 nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor hoe suksesvol die Verenigde State van Amerika (VSA) was met die voorkoming van die verspreiding van kommunisme na Griekeland vanaf 1947**.<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon deeglike begrip oor hoe suksesvol die Verenigde State van Amerika (VSA) was met die voorkoming van die verspreiding van kommunisme na Griekeland vanaf 1947**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET VERSKILLENDE GESKIEDKUNDIGES DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BESKOU?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Die kontroversie oor wie die vernaamste kerngeveg in Suidelike Afrika gewen het was verby
- Of die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het of nie gewen het nie
- Wie het die Slag van Cuito Cuanavale gewen (enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Weerstand teen sy frontaanval op goed-versterkte posies by Tumpo het 'n beslissende terugslag bewys aan die SAW se poging om Cuito Cuanavale en sy vliegveld te verower
- Die verlies van die Suid-Afrikaanse Lugmag se lugoorheersing
- SAW het swaar verliese in die gesig gestaar as hulle nie sou onttrek nie (enige 2 x 1) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Hulle het geglo dat hulle die Slag van Cuito Cuanavale gewen het omdat die SAW minder verliese ondervind het/ hulle het hulle argument op statistieke gebaseer
- Die SAW het 'n taktiese oorwinning by die Lombarivier behaal
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*

- Die SAW het beweer dat hulle die Slag van Cuito Cuanavale gewen het (op die basis van minder verliese) maar op die langtermyn het hulle nie daarin geslaag om Angola te verslaan nie
- Die SAW het 'n taktiese oorwinning by die Lombarivier behaal maar kon nie die algehele geveg wen nie
- Alhoewel die SAW daarin geslaag het om te voorkom dat FAPLA/Kubaanse magte UNITA vernietig, het Savimbi nie aan bewind gekom in Angola nie
- Suid-Afrika het beheer oor Suidwes-Afrika verloor toe Namibië in 1989 onder SWAPO onafhanklik geword het
- SAW kon nie die ondersteuning van die kommunistiese MPLA aan SWAPO in Namibië keer nie
- SAW het geveg om die wit oorheersing in Suid-Afrika te behou. Kort na die Slag van Cuito Cuanavale is die bevrydingsorganisasies onthef en demokratiese verkiesings is in 1994 gehou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Verduideliking van die bruikbaarheid van bewyse in Bron 2A – V3]*

- Die skrywer is 'n professionele geskiedkundige wat wyd belese was oor die onderwerp en het verskillende perspektiewe oor die onderwerp bespreek
- Die bron is saamgestel gedurende die 25ste herdenking van die Slag van Cuito Cuanavale
- Die bron voorsien 'n reeks verskillende sieninge (gebalanseerde interpretasies) oor die Slag van Cuito Cuanavale
- Die bron voorsien 'n reeks 'feitelike' details oor die Slag van Cuito Cuanavale asook 'n analise van die uitkoms

- Die bron voorsien relevante en insiggewende inligting vir sy navorsingsdoeleindes
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2
2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Dit het hernieude vertroue aan die bevrydingsbewegings (SWAPO) gegee
- Die militêre magsbalans het in die guns van bevryding en selfbeskikking vir Afrikane verander
- Ernstige ekonomiese beperkings op Suid-Afrika en sy militêre terugslae in Angola het die magsbalans ten gunste van Namibië se onafhanklikheid geswaai
- Suid-Afrika was militêr gekniehalter as gevolg van die teenwoordigheid van Kubane in Angola
- Die Kubaanse teenwoordigheid op die Namibiese grens in 1988 het 'n beslissende invloed op vredesonderhandelings in Angola gehad
- Suid-Afrika was gewillig om te onderhandel in die lig van Namibië se onafhanklikheid (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
(a)
- Kubaanse troepe is uit Angola onttrek (1 x 1) (1)

(b)
- Die ANC het hulle militêre kampe van Angola na Uganda hervestig (1 x 1) (1)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Kasrils het geglo dat die Slag van Cuito Cuanavale alle partye wat betrokke was in die konflik bevoordeel/bevry
- Die einde van Namibiese kolonisasie en apartheid word beskou as uitkomste van die Slag van Cuito Cuanavale
- Die vrede tussen Suid-Afrika en Angola na die Slag van Cuito Cuanavale het nuwe besigheidsgeleenthede geskep
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3 *[Vergelyk inligting in Bron 2A en 2B – V3]*
- Beide Bron 2A en 2B toon dat die militêre magsbalans verskuif het as gevolg van die Slag van Cuito Cuanavale – die SAW het mag verloor oor Kubaanse en bevrydingsmagte
- Beide Bron 2A en 2B verwys na bewerings wat deur SAW generaals gemaak is dat Suid-Afrika minder verliese gely het en daarom die Slag van Cuito Cuanavale 'gewen' het
- Beide Bron 2A en 2B gee te kenne dat selfs al sou die SAW beweer dat hulle nie verslaan is by die Slag van Cuito Cuanavale nie, was dit steeds 'n belangrike faktor in die beëindiging van apartheid en bevryding van Namibië
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4
2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die 'mite' dat die Suid-Afrikaanse offensief verslaan is by die Slag van Cuito Cuanavale deur Kubaanse en Angolese troepe
- Suid-Afrika het 50 vliegtuie, 47 tenks en honderde manne verloor (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 2C – L1]*
- Die verspreiding van vals/onakkurate inligting of idees om opsetlik mense se opinie te verander, bv. Kuba en Angola was seëvierend na die Slag van Cuito Cuanavale
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Die Kubaanse propaganda weergawe van hierdie heroïese slag'
- 'Dit was nie eers tot na die oorlog dat hierdie feite opgekom het nie'
- Kuba en Angola was alreeds besig met vredesonderhandelings
- 'Die Suid-Afrikaners was die werklike wenners …'
- '4 785 mense het gesneuwel aan die Kubaanse/FAPLA-kant, 94 tenks en honderde oorlogsvoertuie is vernietig teenoor 31 Suid-Afrikaners wat gesterf het, 3 tenks vernietig en 11 gepantserde voertuie en troepvoertuie wat verloor is'
- 'Na 13 jaar in Angola het die Kubane steeds nie hulle doel bereik nie…'

(enige 2 x 1) (2)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Kubane en Angolese het in Angola onderhandel vir vrede
- Die skrywer het geredeneer dat Suid-Afrika 'n beslissende oorwinning behaal het by die Slag van Cuito Cuanavale – hulle het min manne of gepantserde voertuie verloor
- Die skrywer het beweer dat Kubaanse bronne Suid-Afrikaanse verliese oordryf het (bv. Slegs 3 tenks is vernietig en nie die 47 wat die Kubane beweer nie)
- Die Kubane beweer dat 'honderde manne' doodgemaak is, maar die skrywer redeneer dat slegs 31 SAW soldate doodgemaak is
- Die skrywer beweer dat die Kubane nie daarin geslaag het om UNITA (wat deur Suid-Afrika ondersteun is) te verslaan nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
- Die SAW was die oorwinnaars ('WENNERS') in die Slag van Cuito Cuanavale
- Die SAW wat onttrek uit Angola
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*
**Kandidate moet aandui of hulle met die bron SAAMSTEM of NIE SAAMSTEM NIE en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**STEM SAAM ('WENNERS')**
- Die SAW het baie minder ongevalle en militêre verliese gely as die Kubane, dit is gebruik as bewys dat hulle die oorlog gewen het
- Die Kubane en die Angolese het alreeds vir vrede onderhandel
- Die banier wys dat hulle die 'wenners' was
- Enige ander relevante antwoord

**STEM NIE SAAM NIE (NIE 'WENNERS' NIE)**

- Dit kon deel van Suid-Afrikaanse propaganda gewees het om te beweer dat die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het
- Die SAW het nie daarin geslaag om Cuito Cuanavale te verower nie en het hulle troepe onttrek na Namibië wat 'n bewys is dat hulle nie die Slag van Cuito Cuanavale gewen het nie
- SAW kon nie SWAPO stop om seker te maak dat Namibië onafhanklikheid verkry nie
- Die politieke landskap in die streek het verander, Namibiese onafhanklikheid het tot tydelike vrede in Angola gelei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse in relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Suid-Afrikaanse generaals en sommige geskiedkundiges het geredeneer dat die Slag van Cuito Cuanavale 'n militêre oorwinning vir Suid-Afrika was (Bron 2A, 2B, 2C en 2D)
- SAW het minder soldate en militêre hardeware verloor as Kuba en Angola en het nie daarin geslaag om UNITA te verslaan nie – gebruik hierdie as bewys van die SAW oorwinning (Bron 2A, 2B, 2C en 2D)
- Baines (Bron 2A) en Kasrils (Bron 2B) het voorgestel dat selfs as die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het, het hulle die politieke oorlog verloor want Namibië het onafhanklik geraak en Apartheid het kort daarna geëindig
- Sommige geskiedkundiges het op die noue militêre winste en verliese by Cuito Cuanavale (1987-1988) gefokus (Bron 2D)
- Sommige skrywers het op langtermyn politieke implikasies van die Slag van Cuito Cuanavale gefokus deur die magsbalans in die streek te verskuif (Bron 2A en 2B)
- Die Slag van Cuito Cuanavale het ekonomiese en politieke voordele vir Suid-Afrika gehad (vermindering van uitgawes op wapens, handel met Angola) (Bron 2B en eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe verskeie geskiedkundiges die Slag van Cuito Cuanavale beskou het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor verskeie geskiedkundiges die Slag van Cuito Cuanavale beskou het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon deeglike begrip oor hoe verskeie geskiedkundiges die Slag van Cuito Cuanavale beskou het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE LITTLE ROCK NEGE IN 1957 GEDURENDE DIE INTEGRASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL ERVAAR?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Ontvang inligting dat karavane motorvoertuie vol wit heerssugtiges na Little Rock oppad is (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – L2]*
- Swart Amerikaanse leerlinge sou nie toegelaat word om by Central High School in te skryf nie
- Wit konserwatiewes het geweld gebruik om integrasie by Central High School te keer
- Faubus dreig swart Amerikaanse student dat hulle doodgemaak sou word indien hulle Central High School binnegaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep in Bron 3A – L1]*
- 'n Proses wat swart Amerikaanse studente toegelaat het om dieselfde skool as wit Amerikaanse studente by te woon
- Om swart Amerikaanse en wit Amerikaanse studente saam te bring by Central High School
- Om segregasie by Central High School te beëindig deur seker te maak dat swart Amerikaners skool bywoon
- Rasse vermenging van studente (swart Amerikaners en wit Amerikaners) by Central High School
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Deurmekaar
- Vreesbevange
- Het hulle vrese gelug deur die woorde 'bloed sal in die strate van Little Rock vloei' te herhaal (enige 2 x 1) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – L2]*
- Hulle is deur Faubus se toespraak geïntimideer (die aand van 3 September 1957) dat 'bloed in die strate sal vloei'
- Die NAACP raai swart Amerikaanse studente aan om nie skool by te woon nie
- Hulle ouers het vir hulle veiligheid gevrees
- Gevrees hoe wit Amerikaanse segregasioniste sou reageer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- Deur 'n sydeur (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- Die skare het die swart Amerikaanse verslaggewers weggejaag
- Hulle het swart Amerikaanse verslaggewers geslaan (2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – L2]*
- Wou bystand gehad het sodat wet en orde gehandhaaf kon word
- Geweld het buite beheer geraak en was moeilik om te hanteer
- Die Nasionale Garde en die polisie kon nie die skare beheer nie
- Om nege swart Amerikaanse studente te beskerm
- Om te help met die afdwinging van integrasie by Central High School
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*
- Het die Little Rock Nege na en van Central High School begelei
- Het hulle beskerm terwyl hulle in die klasse was (enige 1 x 2) (2)

3.3
3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – L2]*
- Swart Amerikaanse studente is na en van die skool begelei deur die federale troepe
- Federale troepe was swaar bewapen
- Die Federale regering het beplan om integrasie by voorheen wit Amerikaanse skole af te dwing
- Die situasie by Little Rock was wisselvallig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – L2]*
- Die federale troepe moes die onbedwingbare en gewelddadige skare beheer
- Om te toon dat hulle geweld sou gebruik indien nodig
- Om swart Amerikaanse studente teen skade/gevaar te beskerm
- Die Nasionale Garde en die polisie kon nie die skare beheer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en 3C – L3]*
- In Bron 3B het die burgemeester van Little Rock, Woodrow Mann vir die federale troepe gevra vir bystand terwyl in Bron 3C gesien kan word dat die troepe by Central High School geplaas is
- In Bron 3B het president Eisenhower die VS federale troepe beveel wat die Little Rock Nege na Central High School op 25 September 1957 begelei terwyl Bron 3C die troepe wys wat sommige van die Little Rock Nege onder bewaking na 'n weermagmotor neem vir hulle veilige rit huis toe na skool
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5
3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*
- Om hulle te sê dat een van hulle saam met Ernest Green by sy graduering moes stap (enige 1 x 1) (1)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*
- 'Ek het geen probleem'
- 'Ek sal saam met hom stap'
- 'Ek het niks daarvan gedink nie'
- 'My net meer vasbeslote gemaak dat ek saam met hom sal stap. 'En ek het saam met hom gestap'
- ‘Ek was kwaad vir die [wit Amerikaners] wat dit gedoen het hulle het my regtig kwaad gemaak (enige 2 x 1) (2)

3.5.3 *[Die vasstelling van die betroubaarheid van bewyse in Bron 3D – L3]*
- Dit is 'n uittreksel uit 'n onderhoud met Jane Emery, 'n wit kontemporêre Amerikaanse student by Central High School/eerstehandse inligting
- Die onderhoud is gevoer tussen mev. Huckaby (Prinsipaal) en vyf dogters Jane Emery was mederedakteur van *The Tiger* skoolkoerant
- Dit werp lig op die radikale houding wat reeds by Central High School bestaan het voor die gradueringseremonie
- Dit voorsien inligting dat nie alle wit Amerikaners teen desegregasie was nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse in relevante bronne – L3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Little Rock Goewerneur, Faubus het nie die desegregasie van Central High School ondersteun nie (eie kennis)
- Faubus het die veiligheid van swart Amerikaners bedreig deur te sê dat 'bloed in die strate sal vloei' (Bron 3A)
- Ouers was getraumatiseerd deur dreigemente ( vreesbevange, deurmekaar en bang) (Bron 3A)
- Wit Amerikaanse studente moes Central High School deur 'n sydeur ingaan wat hulle moraal geaffekteer het (Bron 3B)
- Hulle is om veiligheidsredes uit Central High School verwyder (Bron 3B)
- Begelei na en van die skool en beskerm terwyl hulle in die klasse was (Bron 3B en 3C)
- Kon slegs een maand nadat die skool heropen het, burgerlike vervoer gebruik (Bron 3B)
- Ernest Green kon nie 'n gelei kry vir sy gradueringseremonie nie (Bron 3D)
- Deur sommige wit Amerikaanse studente verstoot en  geteister (eie kennis)
- Hulle gesinne is geïntimideer deur die konserwatiewe wit Amerikaners (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor watter uitdagings die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 ervaar het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip oor watter uitdagings die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 ervaar het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon deeglike begrip oor watter uitdagings die Little Rock Nege gedurende die integrasie van Central High School in 1957 ervaar het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE –VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet vermeld of hulle met die stelling saamstem al dan nie. Hulle moet beklemtoon hoe die militêre taktieke en strategieë wat die Amerikaanse weermag tussen 1963 en 1975 teen die Viëtkong gebruik het, gelei het tot hulle onvermoë om die oorlog te wen. 'n Analise van hoe die Viëtkong Amerikaanse militêre taktieke en strategieë verydel het moet ook uitgebrei word.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n gedagterigting inneem en aandui of die militêre taktiek van die VSA weermag hulle oorlogspoging teen die Viëtkong gekompromitteer het.

UITBREIDING
- Redes vir die VS betrokkenheid in Viëtnam: stop die verspreiding van kommunisme/ domino teorie/stuitingsbeleid
- Villagisation was 'n strategiese hamlet program (VSA en Suid-Viëtnam se regering het nuwe dorpies gestig wat bewaak is in 'n poging om dorpenaars van guerrillas te skei). Dit was 'n mislukking, want die meeste dorpenaars het die Viëtkong ondersteun
- Gebruik van die Golf van Tonkin insident lei daartoe dat die VS Kongres uiteindelik die Golf van Tonkin-resolusie uitgevaardig het wat President Johnson breë militêre magte gegee het om die oorlogspoging in Viëtnam te eskaleer
- President Johnson gee instruksies vir die massa lugaanval 'Operasie Rolling Thunder' wat nie die verlangde effek gehad het nie bv. Ho Chi Minh-roete het aktief gebly. Die burgerlike ongevalle het baie Viëtnamese teen die VSA laat draai en meer Amerikaners het nie die oorlog ondersteun nie – VSA se militêre taktiek is bewys as oneffektief teen guerrilla oorlogvoering
- 'Operasie Ranch Hand' waar chemikalieë gebruik is bv. Agent Orange om woude te vernietig, Agent Blue om oeste te vernietig en die verwoesting van Napalm het ondersteuning negatief beïnvloed. Chemikalieë het meer burgerlikes affekteer as wat vyandige soldate het
- VSA het soek- en vernietig sendings gebruik wat gelei het tot die Mai Lai-bloedbad in Maart 1968 en het gelei tot groot getalle burgerlike sterftes. Beide die Viëtnamese burgers en Viëtkong het hierdie daad betreur en wraak gesweer
- VSA het jong en onervare soldate gestuur, die gemiddelde ouderdom was 19 jaar, teen harde oorlogsugtige Viëtnamese soldate met uitstekende guerrilla-taktiek. Die Amerikaanse soldate was nie gewoond aan die weer, terrein en klimaat nie. Diensplig ontduiking het tot negatiewe reaksie uit die tuisfront gelei
- AmerikaanseVS troepe het in die buiteland geveg teen 'n nasionalistiese weermag wat vir die bevryding van hulle eie land geveg het
- Die rol van die media, studente (Kent Universiteit-opstande), musici en ontwapeningsbewegings het die VS regering onder druk geplaas om uit Viëtnam te onttrek

- Tet-offensief, 31 Januarie 1968, deur die Viëtkong het bewys dat die VSA nie die oorlog kon wen nie omdat sy eie basisse vatbaar was vir aanvalle en meer as 80% van stede en dorpe het in die hande van die Viëtkong beland
- Nixon se Viëtnamisering-beleid het gefaal asook die bombardering van Noord-Viëtnam, Laos en Kambodja, insluitend WHAM (Winning hearts and minds of the Vietnamese) wat 'n poging van die VSA was om uit die oorlog te onttrek en om hulle 'aansien' te red
- Die VSA het hulle troepe onttrek teen 1973 en Saigon het in 1975 geval
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet die politieke en ekonomiese beleid wat van die 1960's tot die 1980's in die Kongo (onder Mobutu Seso Seko) geïmplementeer is, krities vergelyk teenoor dié wat in Tanzanië (deur Julius Nyerere) geïmplementeer is as hulle die opstel skryf.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet krities bespreek of die politieke en ekonomiese beleid van die Kongo en Tanzanië dieselfde/verskillend was en aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
**Ooreenkomste (Politieke beleid)**
- Die Kongo en Tanzanië het een-party regeringstelsels ingestel
- Die Kongo en Tanzanië het geglo in 'n gesentraliseerde stabiele en eenheidstaat
- Die Kongo en Tanzanië het verkiesings gehou
- Die Kongo en Tanzanië het die belangrikheid van Afrikanisasie (Zaierinasie en *villigasation* respektiewelik) beklemtoon
- Enige ander relevante antwoord

**Ooreenkomste (Ekonomiese beleid)**
- Die Kongo en Tanzanië het 'n een-produk stelsel van kolonialiste geërf
- Teen onafhanklikheid het albei vervaardigingsnywerhede gekort
- Die Kongo en Tanzanië het min opgeleide tegnici en ingenieurs gehad
- Mobutu en Nyerere het die land en nywerhede genasionaliseer
- Nie die Kongo of Tanzanië het oliereserwes gehad nie, so albei het 'n ekonomiese krisis in die gesig gestaar toe oliepryse in die 1970's gestyg het
- Beide Mobutu (1970's) en Nyerere (1980's) moes sektore van die ekonomie privatiseer as gevolg van 'n ekonomiese krisis
- Beide lande het lenings uit die buiteland en buitelandse organisasies verkry: Van die 1960's het die Kongo finansiële hulp uit die kapitalistiese weste ontvang; terwyl Tanzanië van die 1980's gedwing is om lenings van die Wêreldbank te verkry en onderwerp is aan strukturele aanpassing-beleid
- Geen land het geseëvier in die ontwikkeling van 'n betekenisvolle vervaardigingsnywerheid nie
- Beide lande het afhanklik gebly van die uitvoer van landbouprodukte en minerale
- Enige ander relevante antwoord

**Verskille (Politieke beleid)**
- Kapitalisme in die Kongo en Afrika Sosialisme in Tanzanië
- Politiek onstabiliteit in die Kongo versus die vreedsame oorgang in Tanzanië
- In die Kongo het kleptokrasie tot korrupsie gelei toe amptenare hulle mag misbruik het, in Tanzanië het die Leierskapkode 'n hoe vlak van aanspreeklikheid vereis
- In die Kongo het Mobuto Sese Seko etnisiteit en stamwese aangemoedig terwyl in Tanzanië het Nyerere stamwese afgekeur

**Verskille (Ekonomiese beleid)**
- Die Kongo het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel aanvaar; terwyl Tanzanië 'n sosialistiese ekonomiese model aangeneem het
- Die Kongo het sterk op buitelandse hulp en kundiges vanaf die vroeë 1960's gesteun; terwyl Tanzanië probeer het om selfstandig te raak en het neokolonialisme verwerp
- Die Kongo het daarop gemik om die ekonomie te industrialiseer en die vervaardiginggrondslag te ontwikkel; terwyl Tanzanië sy landbougrondslag opgebou het, villagisation beleid van Ujaama
- Die Kongo se ekonomie is gekenmerk deur sy elitisme en sy baantjies vir boeties; terwyl Tanzanië korrupsie van regeringsamptenare deur die 'leierskapskode' probeer verminder het
- Die Kongo se ekonomie het groot verskille in rykdom tussen rykes en armes opgelewer; terwyl Tanzanië probeer het om sy ekonomiese ongelykheid te verminder
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

## VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet sê tot watter mate die beginsel van selfstandigheid suksesvol deur Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther-party in die VSA geïmplementeer is en hulle argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate die beginsel van selfstandigheid suksesvol deur Malcolm X, Stokely Carmichael en die Black Panther-party geïmplementeer is en aandui hoe hulle hulle argument sal ondersteun.

UITBREIDING

- Redes vir die opkoms van die Swartmagbeweging
- Die filosofie van die Swartmagbeweging in die VSA gedurende die 1950's

**Malcolm X**

- Malcolm X was 'n sterk spreker en 'n toegewyde menseregte aktivis
- Malcolm X het geglo in swart afskeiding, selfbeskikking (swart nasionalisme) en hy is 'n voorstaander van selfrespek en selfdissipline
- Glo in die konsep swart selftrots en selfagting/selfrespek 'Swarttrots'
- Wou hê dat swart Amerikaners op enige moontlike maniere teen wit Amerikaanse owerhede moes opstaan in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid
- Bevorder die gebruik van geweld as 'n manier vir selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aanval
- Enige ander relevante antwoord

**Stokely Carmichael**

- Hy word die voorsitter van die SNNC (Student Non-Violent Coordinating Committee) in 1966 en besluit om die leringe van die Swartmagbeweging te aanvaar
- Hy word 'n voorstaander van die beginsels van Swartmag (om dinge op jou eie te doen; politiek in hul eie gemeenskappe te beheer; trots te wees op eie kultuur en hulself te verdedig teen rasse onderdrukking en manipulasie)
- Het geglo dat niegewelddadigheid 'n strategie was wat nie werk nie as gevolg van aanhoudende geweld wat deur wit Amerikaners teen swart Amerikaners gebruik is
- Hy is 'n voorstaander vir die uitsluiting van 'wit' liberales as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- Hy was ten gunste van Afrikadrag en Afrikahaarstyle as 'n simbool van Swarttrots
- Het die filosofie van '*Black is beautiful*' aangemoedig
- Het aangesluit by die Black Panther-party (vir selfverdediging) wat die Swartmag/ 'Swarttrots' filosofie in werking gestel het

**Black Panther**

- Black Panther-party is gestig deur Bobby Searle en Huey Newton
- Hulle was betrokke by die inwerkingstelling en ondersteuning van gemeenskapsprogramme en voedingskemas sowel as teen armoede-sentrums; vir die verdediging teen polisiebrutaliteit, het gefokus op sosio-ekonomiese omstandighede van swart Amerikaners en het ook gemeenskaps-oorlewingsprogramme bedryf
- Tien (10) punt-plan het gedien as die Black Panther-manifes wat hulle maatskaplike, politieke en ekonomiese doelwitte bevat het
- Die Black Panther-party het betrokke geraak in straatpatrollies, het polisie aktiwiteite gemonitor en het hulself verdedig deur gewere te dra (militante aanslag) en die aanhoudende polisiebrutaliteit en teistering van jong swart mans te stop
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou